

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (48/18)

(Volg my op [justchad_cga](#))

Justin Chadwick 30 November 2018



“When you blame others, you give up your power to change” Robert Anthony **HOE GOED WAS DIE VARIËTEITSFOKUSGROEPE MET DIE SKATTING VAN DIE 2018 OES?**

Gegewe die laat seisoen, het die laaste Sitrusbemarkingsforum (CMF) van 2018 nie die geleentheid gehad om na die werklike syfers teenoor die skatting vir 2018 te kyk nie. Dit is eintlik interessante leesstof. Die totale sitrus gepak vir uitvoer se volume-skatting was 132,7 m kartonne en die werklike syfer was 135,2 m; 'n blote 2% verskil. Vier van die vyf variëteitsfokusgroepe (sagte sitrus, suurlemoene, nawels en Valencias) was binne die 5% veranderlikheidsdoelwit - dit was net pomelo's wat nie die tendens gevolg het nie. Die Valencia-fokusgroep het hul sokkies opgetrek en die volume was in die kol.

	2007		2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018
Grapefruit	-20%		2%	8%	1%	-9%	-15%	-14%	-7%	6%	12%	-1%	11%
Soft Citrus	-18%		1%	9%	Spot on	14%	Spot on	3%	10%	-1%	9%	1%	3%
Lemons	4%		-16%	8%	-6%	-9%	-6%	-5%	8%	10%	-7%	7%	-4%
Oranges	-18%	Navel	-8%	11%	-6%	-8%	7%	2%	1%	-3%	6%	-20%	4%
		Valencia	-3%	12%	-11%	-3%	-1%	6%	Spot on	5%	-11%	7%	Spot on
TOTAL	-17%		-5%	10%	-7%	-5%	-1%	5%	1%	4%	-2%	Spot On	2%

As dit tot die streke se resultate afgebreek word, wys dit 'n ander prentjie - en beklemtoon die feit dat as een streek 'n afname in volume gehad het, dit deur 'n ander streek opgeneem is; wat die sterkte van die wye geografiese verspreiding van produksiegebiede toon.

	VAL	NAV	GF	LEM	SC
Sundays River	-23%	-15%		3%	12%
Senwes	31%	35%		-8%	
Letsitele	4%		23%		
Hoedspruit	-7%		7%		
Western Cape		-1%			-5%
Patensie		-11%			-5%
Limpopo River	19%				
Onderberg			6%		
Boland					1%
Nelspruit					-6%

Slegs streke met 10% of meer van die gespesifiseerde sitrusgroepe se uitvoervolume word in hierdie tabel weergegee. Alhoewel die Valencia-Fokusgroep as 'n geheel die skatting in die kol gehad het, was slegs een streek (Letsitele) binne die 5% doelwit, en die ander een (Hoedspruit) binne 10%. Skouspelagtig buite die skatting, was beide Sondagsrivier en Senwes. Dieselfde geld vir nawels - met net die Wes-Kaap binne die 5% (wat 'n goeie ding is gegewe die droë toestande). Pomelo's se skatting was nie goed nie, terwyl suurlemoene aanvaarbaar was. Die Sagte Sitrus Variëteitsfokusgroep het merkwaardig goed gevaar. Veral die Boland se skatting was baie naby, verrassend gegewe die verhoogde aanplantings in die streek.

FIKSASIE

In die lugvaartwêreld is 'n paar lugredery rampe op die sogenaamde "pilot fixation" geblameer. Dit is 'n sielkundige toestand waar die vlieënier vasbeslote is om die vliegtuig te land - maak nie saak dat die waarskuwingstekens in die kajuit hom vertel om die landing te stop nie. Die noodalarms word geaktiveer, die ligte flikker, maar hy gaan voort, omdat hy vasbeslote is om die vliegtuig te land. Ek wonder of sommige sitrusboere nie aan "export fixation" ly nie - hulle het die boord vir uitvoer voorberei, die vrugte van die boord slaag al die gehalte- en fitosanitêre inspeksies en die vrugte is gereed om gepak te word (of in sommige gevalle is dit alreeds in die karton). Maar die waarskuwingstekens is daar - die markte is oorvoorsien en die pryse kom af, agente waarsku teen uitvoere; en tog word die besending steeds uitgevoer. Die produsent is gefikseer op die feit dat uitvoervrugte altyd beter verdien as plaaslike of verwerkte vrugte, en selfs wanneer die inligting wys dat uitvoermarkpryse nie beter is as plaaslike / verwerkte vrugte se pryse is nie, word die vrugte steeds uitgevoer.

DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS